BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# ‘n Reis vir Volgelinge: DIEN MENSE MET JESUS

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle ’n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Bestudeer Jakobus 2:18-22 en bespreek hoekom dink jy beklemtoon Jakobus geloof deur dade so erg?**

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

### 1. Dien mense met die Liefde van Jesus

**Bestudeer:**

- **1 Johannes 4:7**
- **Johannes 13:34-35**
- **Johannes 15:9-13**

**Hoekom dink jy was dit vir Jesus so belangrik dat Sy volgelinge geken sal wees deur liefde?**

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

**Lees:**

- **Matteus 9:9-13**
- **Johannes 4:1-18**
- **Lukas 19:1-10**

**In watter manier het Jesus RADIKAAL anders opgetree as die godsdiens leiers? Verduidelik**

_____________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________

## 2. Dien Mense met die Waarheid van Jesus

**Bestudeer:**

- **Matteus 28:18-20**

**Wat is die konteks van "*Gaan*"? Wat bedoel Jesus met Gaan na die nasies toe? Na wie moet ons *gaan?***

**Wat het die Here Jesus al vir jou geleer?**

**Het jy al dit wat Jesus vir jou geleer het, met iemand anders gedeel? Ja of Nee, hoekom het jy dit gedoen, of dan nie gedoen nie?**

**Die liefde van Jesus, kan nie werk sonder die Waarheid van Jesus nie (1 Korintiërs 13:6). Bestudeer**

- **Galasiërs 6:1-10**

**Bespreek hoe jy te werke sal gaan om 'n vriend, familielid of iemand anders in hierdie konteks sal wil help en hoekom?**

**Praktiese stappe om jou te help om ander in waarheid te dien:**

- Gebed vir daai persoon asook vir jouself
- Gebed vir geleentheid
- Bestudeer die Bybel vir waarheid, wysheid en insig,
- Bou verhouding sodat daai persoon die waarheid sal hoor (2 Kor 4:4)

- Wanneer die geleentheid kom, in liefde, deel die waarheid met die hoop en hart om daai persoon te bedien met die Here Jesus
- Stap 'n pad saam met daai persoon.
- Nooi hom/haar kerk toe
- Nooi hom/haar kleingroep toe

**Watter een moet jy die week begin doen?**

______________________________________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________________

## 3. Dien mekaar met die Gawes van die Gees

**Bestudeer:**

- **Efesiërs 4:11-12**
- **Romeine 12:1-8**
- **1 Korintiërs 12-14**
- **1 Petrus 4:10-11**

**Wat is jou oortuiging van gawes gebasseer op hierdie gedeeltes?**

______________________________________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________________

**Wat dink jy is die doel van die Gawes van die Gees?**

______________________________________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________________

**Weet jy wat jou gawe is?**

______________________________________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________________

**Indien jy meer oor jou gawes wil uitvind, stuur gerus vir Willie 'n epos. Ons wil graag vir jou help dat jy sal weet hoe die Here jou toegerus het en hoe Hy jou wil en moontlik reeds gebruik. Willie se epos is [willie@kerk.co.za](mailto:willie@kerk.co.za)**

**Vir wie gaan jy die week dien met die liefde, waarheid en gawes ?**

______________________________________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________________________________________________

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**